

7 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 24:1-31 (NAV)

Jesus kom!

Bybelse profesieë is dikwels soos 'n verkyker: Dit trek gebeure wat ver is so nader dat dit gelyktydig in die gesigsveld verskyn met dinge wat naby is. In die profetiese rede praat die Here met sy apostels én ons. Ons is nie op pad na 'n beter wêreld nie. Vir ons, Christene, is daar vandag steeds swaar dinge om te verwerk (Rom 8:23; Op 7:14). Dit gaan uiteindelik uitloop op die groot verdrukking "soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nooit weer sal wees nie" (Matt 24:21). Ons beleef in ons eie land toenemende vyandskap. Bybelgetroue gelowiges is uit pas met die wêreld. Ons sien die toenemende misleiding deur valse profete. Die betroubaarheid van die Bybel word misken. Ons ervaar hoe die liefde verkoel. Hoe nader die einde kom, hoe meer desperaat sal die bose magte toeslaan.

Maar ons het 'n heerlike troos: Jesus kom! Wie tot die einde volhard, sal gered word (Matt 24:13). Totdat ons sterf, verkeer ons op 'n slagveld (Luk 23:43). Vir die kerk van God duur die stryd tot met sy wederkoms (2 Tess 1:6-8). Ons kan met goeie moed en met ons oog op die heerlike einde volhard. Daarom: wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorfloedig in die werk van die Here, omdat jy weet dat jou inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor15:58).

Sing: Psalm 84:3,4

Ds APC Duvenage (Emeritus)